


# Elektronika



**Elektronika as spesialisering in Elektriese Tegnologie stel die leerder bekend aan analog-elektronika met toepassings in ligte stroom. In Graad 10 word die leerder blootgestel aan die beginsels van elektrisiteit en stroomvloei.**

**In Graad 11 ontdek die leerder diskrete elektronika deur die bestudering van halfgegeleiertoestelle en hul onderskeie toepassings. Die leerder ontdek instrumentasie en hoe om lesings te neem sodat gevolgtrekkings gemaak kan word op grond van waarneming.**

**Gedurende die graad 12-jaar word die leerder aan geïntegreerde kringe blootgestel waardeur getoon word hoe eenvoudige kringe gekombineer word om meer komplekse kringe te vorm vir die doel om kommunikasie en beheer te bewerkstellig. 'n Leerder in Elektriese Tegnologie wat spesialiseer in Elektronika is in staat om probleme op te los deur elektroniese toepassings deur die vorm van bestaande kringe te verander en aan te pas. Die leering sal in staat wees om elektroniese kringe te toets en in werking te stel.**

**Sodanige leerder sal normaalweg 'n loopbaan in ligte stroom, instrumentasie of kommunikasie volg en kan selfs die vermaaklikheidsbedryf betree. Om 'n vakman te word, moet 'n leerder verdere studie by 'n VOO-kollege, tesame met 'n vakleerderskap in die toepaslike industrie oorweeg. Indien die leerder die korrekte vakkombinasies neem, sal hy/sy 'n elektroniese tegnikus/tegnoloog kan word of selfs ingenieurswese aan 'n universiteit kan bestudeer.**



**Meneer Charl Marais**  
**Departement: Elektroniese Tegnologie**

